**Maandag 20 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 31:12-18**
**Fokusgedeelte: Eksodus 31:12**
**Sondag – jou trotse teken van die liefdesverbond tussen jou en God**

Met vreugde en trots dra elke bruid haar duur en kosbare trouring. Sy wil hê almal moet die diamante sien skitter. Dit is haar trotse teken dat sy met ’n band van liefde aan haar man verbind is.

Ons lees ’n paar keer dat wanneer die Here ’n verbond sluit met sy kinders, Hy ook ’n blywende teken gee. Elke teken dra ’n groot boodskap. Die eerste teken was die reënboog. Nadat God die mensdom met die sondvloed gestraf het, sluit Hy ’n verbond met Noag en sy nageslag. Druk die pragtige kleure van die reënboog nie die veelkleurigheid van God se genade uit nie? Hy vernietig en straf nie net nie – Hy red ook uit genade. Genade, want nooit weer sal God alles vernietig met so ’n vloed nie.

Ook met Abram rig die Here ’n verbond op: Hy sal Abram en sy nageslag se God wees. Die teken is die besnydenis. Die bloed van die besnydenis dui ook op die bloed van Christus waardeur Hy ons verlos het. Die besnydenis het oorgegaan in die doop – die teken dat God steeds ons God is, en dat ons werklik deel het aan die verlossing deur Christus. Wat ’n kosbare teken!

Ons teks sê dat die Here die verbintenis tussen Hom en sy volk wil bevestig. Hulle moet besef die Here het hulle vir Hom geheilig. “Geheilig” beteken afgesonder vir ’n doel. Afgesonder vir ’n verhouding tussen Hom en sy kind. En die teken wat Hy gee, is dat hulle die sabbat moet onderhou. Kosbaar!! Die sabbat het oorgegaan in Sondag – die dag wat ook vooruitgryp na die ewige rus wat Christus bewerk het. Sondag is jou trotse teken, soos die diamant van ’n kosbare trouring – dat jy verlos is en daarom met God in ’n ewige verhouding staan.

*Sing: Psalm 118-1:12*
*Ds. HJ Briel (Hennie) (Kimberley/Boshof)*